# INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
|---|---|---|---|
| 0 0 3 5 | 82 12 07 34 1 | 329 | 3335 |

8212. -7.

BEELD Jg. 7 Nr. ........ P. 16 Dat. ........

# Terro sal 24 jaar sit

16 P/o

'N SELFERKENDE en opgeleide terroris van die ANC wat op 23 Oktober verlede jaar 'n transformator van 'n Evkom-substasie by Witbank gesaboteer het, is gister in die Pretoriase Hooggeregshof tot 24 jaar gevangenisstraf gevonnis.

Rogerio Hoffsani Chamusso (32) van Inhambane, Mosambiek, is egter vrygespreek op aanklag dat hy mnre. L.A. Mans en H.R.G. Booysen op 23 Oktober verlede jaar in hul tent langs hul woonwa by Heuwelfontein naby Ogies met 'n Makarof-pistool doodgeskiet het.

Vir die opleiding as plofstofkundige wat Chamusso tussen Augustus en September 1981 in Angola ondergaan het, is hy tot tien jaar gevangenisstraf gevonnis.

Aan hom is twaalf jaar gevangenisstraf opgelê weens die aanslag op die substasie by Witbank. Skade van R20 000 is aan die substasie aangerig. Sy straf vir die feit dat Russiese kleefmyne in sy besit gevind is, is ses jaar gevangenisstraf, waarvan vier jaar gelyktydig met die ander vonnisse uitgedien sal word.

Volgens regter A.P. Myburgh kon die staat nie bo alle redelike twyfel bewys dat Chamusso die twee blankes vermoor het nie.

Advv. P.G. Haasbroek SA en S. Joubert het vir die staat verskyn en advv. Nick de Vos en Eric Dane namens die beskuldigde.

TREFWOORDE

1. Pretoria
2. Politiek
   Verhoor
3. Vonnisse
4. Chamusso
   R.H.
5. Sabotasie
6. Medelede
   Terroriste
7. Matakeli
8. 
9. 
10. 